# Gesels saam

## GRAAD 7-10

## WELKOM

Maak 'n groot, deursigtige beker vol water. Gooi gerus voedselkleursel by die water om dit 'n interessante kleur te maak. Merk die beker met die woorde "My lewe". Merk ook drie leë glase met die woorde "My dade", "My gedagtes" en "My woorde". Gebruik die water in die groot beker om die glase mee vol te maak. Maak seker dat die beker groot genoeg is om die glase heeltemal vol te maak.

Gesels saam:

- Hoe lyk iemand wat die Here met sy of haar dade liefhet?
- Hoe lyk iemand wat die Here met sy of haar gedagtes liefhet?
- Hoe lyk iemand wat die Here met sy of haar woorde liefhet?

Gooi die water in die glase weer een vir een terug in die groot beker ("My lewe"). Verduidelik vir die groep dat ons dade, gedagtes en woorde 'n weerspieëling is van hoe ons met ons hele lewe op God gefokus is.

## WONDER

Lees of vertel die verhaal van 2 Koning 17:7-19 vir die jongmense. Fokus op vers 15 (lees dit uit die 2020-vertaling):

Hulle het sy vaste voorskrifte en sy verbond wat Hy met hulle voorouers gesluit het, verwerp, ja, sy bepalings waardeur Hy hulle gewaarsku het. *Hulle het agter nuttelose afgode aangeloop en self nutteloos geword.* Hulle het die nasies wat rondom hulle was, gevolg – nasies oor wie die Here hulle opdrag gegee het om nie soos hulle te maak nie.

Gesels saam:

- Waarna verwys die verbond, en hoe het Israel die verbond verbreek?
- Hoe het hulle ontrouheid aan God hulle lewe beïnvloed?

## WEES

Wys ’n groot glashouer, ’n houer of ’n sak vol sand en ’n klomp gholfballe (of tafeltennisballe) vir die groep. Verduidelik vir hulle dat die glashouer ons lewe simboliseer; die sand stel onbelangrike, maar lekker dinge in ons lewe voor, soos Netflix en chill, en die gholfballe verteenwoordig die heel belangrikste dinge in ons lewe soos ons verhouding met God.

Maak die glashouer driekwart vol sand.

Gesels saam:

- Watter dinge, wat eintlik nie so belangrik is nie, word vir ons soms baie belangrik?
- Hoe lyk dit wanneer iets vir ons soos ’n afgod word?

Probeer om soveel moontlik gholfballe in die houer, bo-op die sand, te pak. Maak seker dat daar heelwat gholfballe oorbly.

Gesels saam:

- Hoe beïnvloed die dinge wat soos afgode vir ons is ons lewe?

Doen weer die aktiwiteit, maar maak hierdie keer die houer eers vol gholfballe. Al die gholfballe moet in die houer pas.

Gesels saam:

- Watter dinge is veronderstel om die belangrikste in ons lewe te wees?
- Hoe kan ons sorg dat ons hierdie dinge die nodige plek in ons lewe gee?

Ons kan steeds sand in die houer gooi, maar dit is baie minder.

## WEGSTUUR

Gee vir elke jongmens ’n weggooibare glasie. Vul gedurende die week jou glasie met dinge wat jou aan God se opdragte herinner, byvoorbeeld ’n teekersie wat jou aan die hoop van die evangelie laat dink.